Indringer plant beheer protokol

tussen

LandCare, Stem in die Bos,

die Bewarea en die Plaaseienaar

24/07/2015

Doel

Die protokol dien as handleiding om 'n vloeiende sisteem in plek te bring vir die beheer van indringer bome. Die beheer sluit in die afsaag van primêre bome, die beheer vir heropkoms, die monitoring van hergroei asook die verwerking van afgekapte bome en takke d.m.v brand en hout produkte vervaardiging soos bv. kaggelhout.

Die gepaardgaande forms en kaarte benodig vir die protokol word in hakies aangedui. Hierdie protokol word uitgevoer na die afteken van die "Casidra Memorandum of Agreement" tussen die Bewarea en LandCare en die "EPWP" kontrak tussen LandCare en Stem in die Bos[1].

Dit word beplan dat die protokol sal kan inskakel met ander prosesse soos bv. die vervaardiging van Biochar [2] en Renosterveld oorplanting, gemotiveerd deur groente produksie. Hierdie mikro besighede word gesien as geldgenererende moontlikhede vir Champions[3] en vir die Bewarea.

Verteenwoordigers

Berry Wessels; *Bewarea koördineerder*

Elmo Maree; *LandCare*

Jaco en Barry Stander; *Stem in die Bos (kontrakteur)*

Samual William; *Champion*

Plaaseienare

Beginsels

A. *Plase word in 'n anti-kloksgewyse rigting gewerk.*

---

[1] Stem in die Bos is geekontrakteur deur die Bewarea vir indringer plante beheer.

[2] Biochar is steenkool wat gebruik word vir kompos om grond vrugbaarheid te verhoog.

[3] Champions is plaaswerkers en/of bewoners wat in hul eie tyd geldgenereerende ondernemings aanpak.

B. *Die plaas volgorde word uitegebeeld op die "Saagwerk Volgorde Lys".*
C. *Werk word net gedoen onder 28 grade om brande te verhoed.*
D. *Geen werk word gedoen op reë3n dae vir veiligheids redes en dat aangesmeerde gif afgewas kan word.*
E. *Die projek koördineerder tree as die verteenwoordiger vir die Bewarea op en is skakel persoon tussen LandCare, die Bewarea, die Plaaseienaar en Stem in die Bos.*
F. *Alle kommunikasie, bv. eposse en onderhandelinge asook ontmoetings tussen die partye word deur die Koördineerder gereel.*
G. *LandCare voorsien die Koördineerder van alle "Plaas Kaarte" wat blok nommers en totale hectare aandui.*
H. *Die Koördineerder doen inspeksie op die volgende plaas saam LandCare en/of Stem in die Bos en die Plaaseienaar sodat die werk vlot kan verloop tussen plase en veral te verseker dat genoeg gif beskikbaar is.*
I. *Gif aankope word gedoen deur LandCare met verwysing na die "Gif Protokol".*
J. *Die Bewarea verseker dat die Kontrakteur genoeg gif het wat bekombaar is vanauit die gifstoor op Wolfkloof.*

Standaardprosedure

1. *Die Koördineerder oorsien die teken van die "Ooreenkoms" tussen die Kontrakteur, die Bewarea en die Plaaseienaar voordat die werk begin.*
2. *Op die form word onder andere die bloknommers en die totale hektare genoteer wat afgelui word vanaf die "Plaas kaart".*
3. *Die Plaaseienaar merk die bome wat gelos moet word (vir bv. Roofvoels) en dui aan waar sekere probleem bome is: soos bv. bome naby lyndrade, watertenke, slote ens.*
4. *Die Kontrakteur doen 'n beraming van die hoeveelheid werksdae benodig om die werk te voltooi.*
5. *Die name en ID nommers van werkers word genoteer op die "Tydstaat".*
6. *Die Kontrakteur pak hout op hope (waarop gekwoteer word) en verseker dat stompe en takke nie oor inheemse bome lê.*
7. *'n Champion, soos bv. Samual van Goede Hoop verwerk dan hout tot kaggelhout of biochar indien die plaaseienaar instem met hierdie reeling (indien bv. die plaaseienaar wil die hout self gebruik).*
8. *Oorblywende hout, soos takke, moet gebrand word of verwerk word d.m.v die biochar proses.*

9. *Indien die span van blok verskuif, moet die Koördineerder LandCare in kennis stel.*
10. *Die Kontrakteer stuur die "Tydstaat" en "Faktuur" na die Koördineerder. Dit gebeur op die laaste werksdag van die maand.*
11. *Die Koördineerder stuur die "Kontrakeer se "Faktuur" na die Bewarea tesourier en die "Tydstaat" na Landcare.*
12. *Probleem bome sal op die einde van die Projek (bv. laaste tien dae) verwerk word.*
13. *Die "Finale Inspeksie Ooreenkoms" word geteken tussen die verteenwoordigers na die werk voltooid is.*
14. *Die "Bewarea se Faktuur" word verwerk aan LandCare en bevestig deur die "Rate Determination" form en die "TimeSheet" vir die maand. Al drie forms word deur LandCare verskaf.*